| <p>Nadat C, 'n 59 jaar oue eerste oortreder, wat tot die dag van die rooftog 'n voorbeeldige lewe gelei het, skuldig bevind is aan gewapende roof, word hy tot tien jaar tronkstraf gevonniss.</p> | <p>After being convicted of armed robbery C, 59 years of age and a first offender who had led an exemplary life until the date of the robbery, is sentenced to ten years imprisonment.</p> |
| <p>4.3.1 Stel die Kennisgewing van Appèl ten aansien van skuldigbevinding en vonnis, met inbegrip van die opskrif, op. (12)</p> | <p>4.3.1 Draw a Notice of Appeal on conviction and sentence, including the heading. (12)</p> |
| <p>4.3.2 Watter ander dokument moet die Kennisgewing van Appèl vergesel? (1)</p> | <p>4.3.2 What other document must accompany the Notice of Appeal? (1)</p> |
| <p>4.3.3 Binne welke tydperk nadat vonnis gefel is, moet die dokumente ingedien word en aan wie? (2)</p> | <p>4.3.3 Within what period of time subsequent to being sentenced are the documents to be lodged and with whom? (2)</p> |
| <p>4.3.4 Watter stap is u verplig om te doen indien die tydperk waarna in 4.3.3 verwys word, verstryk het en watter dokumentasie sal nodig wees? (2)</p> | <p>4.3.4 What step would you be obliged to take if the period referred to in 4.3.3 has expired and what documentation will be required? (2)</p> |

VRAAG 4.4 [2]

U kliënt is aangekla ingevolge die toepaslike regulasies ten aansien van wreedheid teenoor diere en daar word beweer dat hy sy bure se foksterrier gesteeke het. Tydens u konsultasie met hom by die hofselle, deel hy u mee dat die hond met volmaan in 'n weerwolf verander en die buurt terroriseer. Hy het 'n houtpen deur die hond se hart gesteeke om 'n einde aan hierdie gebeure te maak. **Wat sal u by die volgende verhoor doen?**

VRAAG 4.5 [6]

U ontvang opdrag van die ouers van 'n vyftienjarige ongesofistikeerde, ongeletterde seun, wat skuldig gepleit het op 'n klag van diefstal van 'n fiets en skuldig bevind is. Die saak is vir vonnisoplegging uitgestel. By die konsultasie met die seun kom die volgende feite na vore.

Sy vriend, die klaer, het hom R15,00 geskuld en geweier om dit terug te betaal ten spyte van talle versoeke. Die klaer het sy fiets buitekant 'n winkel parkeer en die winkel binnegegaan om iets te koop. U kliënt het die fiets gevat en terwyl hy weggery het aan die klaer geskree dat hy, die klaer, sy fiets kan terugkry sodra hy die R15,00 terug betaal. Dit is duidelik dat u kliënt die fiets bloot as sekerheidstelling vir die skuld wou hou.

Uit die hofrekord blyk dit dat u kliënt skuldig gepleit het en die volgende vrae en antwoorde deur die landdros aangestip is:

"Is dit korrek dat jy skuldig pleit op hierdie aanklag?" - "Ja"
"Het jy op 10 Julie 1998 die klaer se fiets voor die Flamingokafee gevat?" - "Ja"
"Het jy geweet dat dit die klaer se fiets is?" - "Ja"

"Het die klaer of enige iemand anders jou toestemming gegee om die fiets te vat?" - "Nee"

U kliënt is skuldig bevind en die saak is vir vonnisoplegging uitgestel.

4.5.1 Is die landdros se ondervraging voldoende om 'n skuldigbevinding te vestig? Indien nie, in welke aspekte skiet dit tekort? (3)

4.5.2 As die pleit van skuldig foutief was, welke prosedure moet gevolg word om die situasie reg te stel wanneer die saak voortgaan? (3)

QUESTION 4.4 [2]

Your client has been charged under the relevant regulations relating to cruelty to an animal, it being alleged that he stabbed his neighbour's fox-terrier. On consulting with him at the court cells he tells you that at full moon the animal changes into a werewolf and terrorises the neighbourhood. He drove a wooden spike through the dog's heart to put an end to these events. **What will you do at the next hearing?**

QUESTION 4.5 [6]

You receive instructions from the parents of a fifteen-year old unsophisticated, illiterate youth who has pleaded guilty to and been convicted of theft of a bicycle. The case has been postponed for sentence. On consulting with the youth the following facts emerge.

His friend, the complainant, owed him R15,00 which he refused to repay to your client despite various requests. The complainant parked his bicycle outside a shop and entered the shop to effect purchases. Your client took the bicycle and while he was riding away shouted to the complainant that he, the complainant, could get his bicycle back once the R15,00 had been repaid. It is apparent that your client only wished to retain the bicycle as security for the debt.

On perusal of the court record it appears that your client has pleaded guilty and that the following questions and answers were noted by the magistrate:

"Is it correct that you plead guilty to the charge?" - "Yes"
"Did you on the 10th of July 1998 take the complainant's bicycle from in front of Flamingo Cafe?" - "Yes"
"Did you know that the bicycle belonged to the complainant?" - "Yes"
"Did the complainant or any other person give you the right to take the bicycle?" - "No"

A conviction followed and the matter was postponed for sentence.

4.5.1 Is the questioning of the magistrate sufficient to found a conviction? If not, in what aspects is it defective? (3)

4.5.2 In the event of the plea of guilty being defective what procedure would one follow in order to rectify the position when the matter resumes? (3)

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 2 BOEDELS

18 AUGUSTUS 1999

08:30-10:30

Totaal: [100]

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Die vrae mag in Afrikaans of Engels beantwoord word.
3. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
4. Waar nodig, moet kandidate hulle eie feite versin.
5. Skryf asseblief slegs op die regterkantse bladsye.
6. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel druip.

ATTORNEYS' EXAMINATION

PART 2 ESTATES

18 AUGUST 1999

08:30-10:30

Total: [100]

1. Candidates must answer all the questions.
2. The questions may be answered in English or Afrikaans.
3. Candidates must remember that marks are awarded for good draftsmanship.
4. Candidates must invent their own facts wherever necessary.
5. Please write only on the right-hand pages.
6. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this part.

VRAAG 1 [8]

H se testamente, gedateer 10 Junie 1994 en 20 Mei 1998, is in u besit. H se eggenote stel u van sy dood in kennis en sy onderteken die nodige dokumente wat u in staat stel om die boedel aan te meld.

Skryf die brief aan die Meester waarin u hom versoek om die eksekuteur aan te stel.

VRAAG 2 [21]

A en B, met mekaar getroud binne gemeenskap van goed, skei op 1 Mei 1998. A trou met C buite gemeenskap van goed op 1 Junie 1998 en sterf 'n maand later in 'n motorbotsing. C het A se kind verag ten tye van A se dood.

A het in 1997 'n testament verly wat voorsiening maak vir 'n bemaking aan 'n tierjarige kind gebore uit A se huwelik met B. Die restant van A se boedel word aan B nagelaat.

2.1 Hoe sal A se boedel verdeel word en welke onderhoudseise mag teen sy boedel ingestel word? (12)

2.2 Sal u antwoord verskil indien A op 20 Desember 1998 oorlede is? Indien wel, verduidelik waarom. (9)

VRAAG 3 [56]

A wat buite gemeenskap van goed getroud was, sterf testaat en laat die volgende bates na:

Onroerende eiendom R3 000 000,00

Roerende bates R100 000,00

Eise ten gunste van die boedel ingevorder R3 000 000,00

Administrasiekoste en eise teen die boedel R350 000,00
(spesifiseer slegs die eksekuteursloon en Meestersgelde)

Die opbrengs van polis no 89754 (Sanlam) R100 000,00
is aan die nagelate eggenote as benoemde begunstigde uitbetaal

Die oorledene beskik in sy testament oor sy boedel as volg:

Spesiale bemaking aan sy eggenote B R500 000,00

Legaat aan die Kankervereniging R100 000,00

QUESTION 1 [8]

You hold H's wills dated 10 June 1994 and 20 May 1998. H's spouse advises you of his death and signs the requisite documents to enable you to report the estate.

Draft the letter to the Master to obtain the appointment of the executor.

QUESTION 2 [21]

A and B, married to each other in community of property, were divorced on 1 May 1998. A married C out of community of property, on 1 June 1998 and then was killed in a car accident a month later. C was pregnant with A's child at the time of A's death.

A had executed a will in 1997 which provided for a legacy to a 10 year old child born out of the marriage to B. The residue of A's estate is left to B.

2.1 How will A's estate be distributed and what claims for maintenance may lie against the estate? (12)

2.2 If A had died on 20 December 1998 would your answer be different? If so, explain why. (9)

QUESTION 3 [56]

A was married out of community of property and died testate leaving the following assets:

Immovable property R3 000 000,00

Movable assets R100 000,00

Claims in favour of the estate collected R3 000 000,00

Liabilities and administration expenses R350 000,00
(specify only the executor's remuneration and Master's fees)

The proceeds of policy No 89754 (Sanlam) R100 000,00
was paid to the surviving spouse as nominated beneficiary

The deceased bequeathed his estate as follows:

Special bequest to wife B R500 000,00

Legacy to Cancer Association R100 000,00

Die restant aan sy twee mondige seuns C en D in gelyke dele.

The residue to his two major sons C and D in equal shares.

Stel die volgende afdelings van die likwidasië- en distribusierekening op, gedagtig aan die vereistes van regulasie 5 tot die Boedelwet.

Prepare the following sections of the liquidation and distribution account bearing in mind the requirements of regulation 5 of the Estates Act.

- 3.1 Die opskrif. (8)
- 3.2 Die likwidasierekening. (18)
- 3.3 Die rekapitalasie-opgawe (4)
- 3.4 Die distribusierekening. (9)
- 3.5 Die boedelbelastingaddendum. (9)
- 3.6 Die eksekuteur se sertifikaat. (8)

- 3.1 Heading. (8)
- 3.2 Liquidation account. (18)
- 3.3 Recapitulation statement. (4)
- 3.4 Distribution account. (9)
- 3.5 Estate duty addendum. (9)
- 3.6 Executor's certificate (8)

VRAAG 4 [7]

QUESTION 4 [7]

'n Kliënt oorhandig aan u die testament van sy vader wat onlangs oorlede is. Die dokument beslaan ses bladsye. Die testateur en twee getuies het elke bladsy onderteken behalwe die derde bladsy waarop die testateur se handtekening ontbreek. Die kliënt vra u advies omtrent die geldigheid van die testament. Hoe sal u u kliënt adviseer?

A client hands you the will of his late father, recently deceased. The document consists of six pages and the testator and two witnesses had signed on every page except on the third page, where the testator had failed to sign. The client asks you for advice on the validity of the will. **What will you advise your client?**

VRAAG 5 [8]

QUESTION 5 [8]

U word geraadpleeg deur die nagelate eggenote van 'n man wat pas oorlede is. Sy deel u mee dat haar man definitief 'n testament nagelaat het waarin sy en hulle twee minderjarige kinders die enigste bevoorreedes is, maar dat sy die oorspronklike testament, wat op 'n bepaalde plek in die huis gebêre was, gladnie kan opspoor nie. Sy het ook tevergeefs by die bank en die familieprokureur navraag gedoen. Al wat sy uiteindelik in 'n laai van die oorledene se skryftafel kon opdiep, was 'n fotokopie van die getekende testament.

You are consulted by a surviving spouse regarding the will of her recently deceased husband. She tells you that he definitely left a will in terms of which she and their two minor children are the only beneficiaries, but that the will, which had been kept in a particular place in the house, cannot be found. She made enquiries at the bank and the family attorney, without success. All that could ultimately be found in a drawer of the deceased's desk, was a photocopy of the signed will.

Kan die fotokopie as 'n geldige testament verklaar word en indien wel, watter stappe moet in dié verband gedoen word en watter bewyslas moet gekwyd word?

Can the copy be declared a valid will and, if so, what steps must be taken and what must be proved to the court in this regard?

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 3 PROKUREURSPRAKTYK

18 AUGUSTUS 1999

11:30-13:30

Totaal: [100]

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Die vrae mag in Afrikaans of Engels beantwoord word.
3. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
4. Waar nodig, moet kandidate hulle eie feite versin.
5. Skryf asseblief slegs op die regterkantse bladsye.
6. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel druip.

ATTORNEYS' EXAMINATION

PART 3 ATTORNEY'S PRACTICE

18 AUGUST 1999

11:30-13:30

Total: [100]

1. Candidates must answer all the questions.
2. The questions may be answered in English or Afrikaans.
3. Candidates must remember that marks are awarded for good draftsmanship.
4. Candidates must invent their own facts wherever necessary.
5. Please write only on the right-hand pages.
6. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this part.

VRAAG 1 [30]

1.1 ABC Beleggings BK verkoop 'n meenthuis aan Johan Koper. Die partye kom ooreen dat Koper 'n deposito van R20 000,00 sal betaal en die balans van R180 000,00 wanneer oordrag van die eiendom op naam van Koper geregistreer word. Die besturende lid van die beslote korporasie (mnr Manager) en Johan Koper gee u opdrag om 'n koopkontrak op te stel.

Welke punte wat in die kontrak vervat moet word, moet u met die partye bespreek? Noem hulle sonder om in besonderhede daarop in te gaan.
(14)

1.2 Nadat u die kontrak in konsepvorm voorberei het, maak die partye 'n afspraak met u om die kontrak te finaliseer. Mnr Manager is nie tevrede met die feit dat die verkoper agentkommissie moet betaal nie aangesien Johan Koper hom meegedeel het dat hy gereageer het op 'n advertensie wat Manager self in die plaaslike koerant geplaas het.

Hoe sou u die klousule formuleer ten einde die verkoper tevrede te stel?
(4)

1.3 Die koper het nie genoeg fondse beskikbaar om die balanskoopsom te finansier nie. Hy moet eers sy erf by die see verkoop vir ten minste R100 000,00 en 'n lening vir ten minste R80 000,00 bekom. Johan Koper beoog om 'n lening te bekom vir 'n tydperk van 20 jaar met die eiendom as sekuriteit en 'n rentekoers van nie meer as 22,5% per jaar nie. Die verkoper is besorg oor die feit dat die transaksie te lank kan sloer.

Stel die klousule in die kontrak op om vir hierdie situasie voorsiening te maak.
(12)

VRAAG 2 [15]

U tree op namens B Bank Beperk wat die Borgakte wat hieronder uiteengesit is, aan u oorhandig en versoek dat u skriftelik advies gee oor die geldigheid en/of afdwingbaarheid daarvan.

QUESTION 1 [30]

1.1 ABC Investments CC sells a cluster house to Johan Koper. The parties agree that Koper will pay a deposit of R20 000,00 and the balance of R180 000,00 when transfer of the property is registered in his name. The managing member of the close corporation (Mr Manager) and Johan Koper instruct you to draft the deed of sale.

Which points that should appear in the contract must you discuss with the parties? State them without going into detail.
(14)

1.2 After you have prepared the contract in draft form, the parties meet with you to finalise the contract. Mr Manager is not satisfied with the fact that seller must pay agent's commission as Johan Koper has told him that he reacted to an advertisement placed by Manager in the local newspaper.

How will you formulate the clause to satisfy the seller?
(4)

1.3 Koper has not got enough funds in hand to finance the balance of the purchase price. He first has to sell his plot at the seaside for at least R100 000,00 and to obtain a loan for at least R80 000,00. Johan Koper intends obtaining a loan for a period of 20 years with the property as security and at a interest rate of not more than 22,5% per annum. The seller is concerned that the transaction may take a long time to finalise.

Draft the clause in the contract to provide for this situation.
(12)

QUESTION 2 [15]

You act on behalf of B Bank Limited who hands you the Deed of Suretyship set out hereunder and requests your written advice as to its validity and/or enforceability.

BORGAKTE

Ons, die ondergetekendes,

1.

Mary Smith getroud binne gemeenskap van goed met John Smith; en

2.

Pete Jones getroud buite gemeenskap van goed

verbind onself as borge aan

B BANK BEPERK
("die krediteur")

kragtens die terme en voorwaardes hieronder uiteengesit.

1. BORGSTELLINGSONDERNEMING

Ons verbind onself aan die krediteur, gesamentlik en afsonderlik, as mede-borgstellers vir en medehoofskuldenaars tesame met, Smith & Jones BK CK No 98/100/23 ("die skuldenaar") ten opsigte van die skuldenaar se verpligtinge as huurder aan die krediteur as verhuurder ooreenkomstig die huurkontrak wat hierby aangeheg is as Aanhangsel A.

2. KREDITEUR SE VERHALINGSREG

2.1 Die krediteur mag, sonder benadeling van sy regte kragtens hierdie borgakte,

2.1.1 Instem tot enige wysiging van die huurooreenkoms;

2.1.2 Enige kompromie met die skuldenaar aangaan of aan hom enige verlenging van tyd, verslapping of toegewing toestaan;

2.1.3 Enige ander borg- of sekuriteitstelling uitgereik aangaande die skuldenaar se verskuldigheid vryskeld;

2.1.4 Regsaksies instel teen die skuldenaar sonder voorafkennisgewing aan ons van die skuldenaar se wanprestasie of sy (die krediteur se) bedoeling om aksie in te stel.

DEED OF SURETYSHIP

We the undersigned,

1.

Mary Smith married in community of property to John Smith; and

2.

Pete Jones married out of community of property

bind ourselves as sureties to

B BANK LIMITED
("the creditor")

on the terms and conditions set out below.

1. SURETYSHIP UNDERTAKING

We bind ourselves to the creditor, jointly and severally, as co-sureties for and co-principal debtors with, Smith & Jones CC CK No 98/100/23 ("the debtor") in respect of the debtors obligations as lessee to the creditor as lessor in terms of the lease agreement which is annexed hereto marked "A".

2. CREDITOR'S RIGHT OF RECOVERY

2.1 The creditor may, without prejudice to its rights under this deed of suretyship,

2.1.1 Agree to any variation of the lease;

2.1.2 Make any compromise with the debtor or grant to it any extension of time, relaxation, or indulgence;

2.1.3 Release any other surety or security given in respect of the debtor's indebtedness;

2.1.4 Institute legal proceedings against the debtor without prior notice to us of the debtor's default or its (the creditor's) intention to take proceedings.

3. BEWYS VAN SKULDENAARSE AANSPREKLIKHEID

- 3.1 Enige erkenning van verskuldigheid deur die skuldenaar sal bindend op ons wees.
- 3.2 'n Sertifikaat onderteken deur enige direkteur (wie se magtiging nie bewys hoef te word nie) van die skuldenaar wat die bedrag verskuldig aantoon, sal
- 3.2.1 prima facie bewys van die verskuldigde bedrag wees; en
- 3.2.2 bindend op ons (tensy ons dit foutief bewys) wees in enig aksie ingestel teen ons deur die krediteur vir uitspraak of voorlopige vonnis.

4. GEEN WYSGING/BEËINDIGING TENSY SKRIFTELIK

Geen wysiging of beëindiging van hierdie borgstelling sal afdwingbaar of van toepassing wees nie, tensy dit skriftelik en deur die krediteur onderteken is.

GETEKEN te op van 19.....

AS GETUIES

- | | | |
|----|-----------------|---------------------------------------|
| 1. | Geteken M Twain | Geteken deur Mary Smith MARY SMITH |
| 2. | Geteken C Lewis | PETE JONES |

Stel die skriftelike opinie vir u kliënt op.

VRAAG 3 [25]

Nadat die rentekoers op huislenings gestyg het, leen u kliënt 'n bedrag van R200 000,00 by sy vriend met die uitsluitlike doel om dit op sy huislening af te betaal. Hy betaal sy vriend 4% minder rente as wat hy aan die bank moet betaal. Hierdie rente word maandeliks terugwerkend betaal. Hy verskaf geen sekuriteit vir die terugbetaling van die lening nie. Hy gee u opdrag om 'n dokument op te stel om beide partye se belange te beskerm.

- 3.1 Adviseer u kliënt oor die moontlike formaat van sodanige dokument en gee kortliks redes vir u advies.**

(5)

3. PROOF OF DEBTOR'S LIABILITY

- 3.1 Any admission, or acknowledgment of indebtedness, by the debtor will be binding on us.
- 3.2 A certificate signed by any director (whose authority need not be proved) of the creditor showing the amount of our indebtedness to it at the date of that certificate, will be
- 3.2.1 prima facie evidence of the amount of the indebtedness; and
- 3.2.2 binding on us (unless we prove it incorrect) in any proceedings instituted against us by the creditor for judgment or provisional sentence.

4. NO VARIATION/TERMINATION EXCEPT IN WRITING

No termination or variation of this suretyship will be of any force and effect unless it is recorded in writing and signed by the creditor.

SIGNED at.....on.....of.....19.....

AS WITNESSES

- | | | |
|----|----------------|------------------------------------|
| 1. | Signed M Twain | Signed by Mary Smith MARY SMITH |
| 2. | Signed C Lewis | PETE JONES |

Draft the written opinion to your client.

QUESTION 3 [25]

After the interest rate on home loans have risen, your client borrows an amount of R200 000,00 from his friend with the sole intention to pay off his home loan. He pays his friend 4% less interest than he would have to pay the bank. This interest is paid every month retrospectively. He does not provide any security for the repayment of the loan. He instructs you to draft a document to protect the interests of both parties.

- 3.1 Advise your client on the possible format of such document and succinctly motivate your advice.**

(5)

3.2 Stel die klousules op wat met die volgende bedinge handel:

- 3.2.1 Die leen van die geld en die aanwending daarvan.
- 3.2.2 Die rente.
- 3.2.3 Die terugbetaling van rente en kapitaal.
- 3.2.4 Wanprestasie en remedies.

Versin u eie feite waar nodig.

(20)

VRAAG 4 [10]

'n Motorvoertuigongeluk vind op 1 Junie 1995 plaas. Klaer "P" in die saak stel aksie in teen verweerder "A" vir skade aan sy motorvoertuig. "A" voeg "B" as 'n tweede verweerder by met die bewering dat "B" bydraend nalatig was. Die hof verdeel nalatigheid tussen "A" en "B" op 'n verhouding van 60/40.

Uitspraak word op 2 Julie 1998 gelewer. "A" soos hy verplig is om te doen, vergoed "P" ten volle vir sy skade en stel aksie in teen "B" vir sy bydrae van 40%. "B" spreek u oor hierdie eis.

4.1 Sal u "B" aanraai om "A" se eis te betaal? (2)

4.2 Adviseer "B" oor die bepalings wat van toepassing sal wees rakende die verjaring van "A" se eis teen "B". (8)

VRAAG 5 [20]

5.1 Waarom is werkwerwing ("touting") onprofessioneel? (3)

5.2 Mag 'n prokureur 'n onderhoud voer met 'n getuie wat deur die teenkant gesubpoena is as hy glo dat die getuie in besit is van getuienis wat betrekking het op sy kliënt se saak? Watter prosedure sal u volg? (3)

5.3 Is dit oneties om 'n persoon te verdedig wat na u mening skuldig is? Motiveer u antwoord. (4)

3.2 Draft the clauses dealing with the following:

- 3.2.1 The borrowing of the money and the application thereof.
- 3.2.2 The interest.
- 3.2.3 The repayment of capital and interest.
- 3.2.4 Failure and remedies.

Use your own facts where necessary.

(20)

QUESTION 4 [10]

A motor vehicle collision occurred on 1 June 1995. Plaintiff "P" in the matter sued defendant "A" for the damages to his motor vehicle. "A" joins "B" as a second defendant during 1997, alleging that "B" was contributorily negligent. The court apportions negligence between "A" and "B" in a 60/40 ratio.

Judgment is delivered on 2 July 1998. "A" as he is obliged to do, compensates "P" in full for his damages and sues "B" for his 40% contribution. "B" consults you regarding this claim.

4.1 Will you advise "B" to settle "A"'s claim? (2)

4.2 Advise "B" on the provisions which will apply in respect of the prescription of "A"'s claim against "B". (8)

QUESTION 5 [20]

5.1 Why is touting for work unprofessional? (3)

5.2 May an attorney interview a witness who has been subpoenaed by the other side where he believes the witness is in possession of evidence relevant to his client's case? What procedure would you follow? (3)

5.3 Is it unethical to defend a person whom you believe to be guilty? Motivate your answer. (4)

5.4 Vir watter doel is die Getrouheidswaarborgfonds gestig?

(3)

5.5 Verduidelik die betekenis van:

5.5.1 pro amico optrede. (2)

5.5.2 optrede op 'n gebeurlikheidsgrondslag. (2)

5.5.3 optrede op 'n grondslag van geen foie betaalbaar vir werknemers van 'n gewaardeerde kliënt. (3)

5.4 What is the purpose for which the Fidelity Fund was established?

(3)

5.5 Explain the meaning of acting:

5.5.1 pro amico. (2)

5.5.2 on a contingency basis. (2)

5.5.3 on a no charge basis for employees of a respected client. (3)

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4 BOEKHOU

18 AUGUSTUS 1999

14:30-16:30

Totaal: [100]

1. Die vrae mag in Afrikaans of Engels beantwoord word.
2. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
3. By beantwoording van vrae moet die betrokke inskrywings duidelik geïdentifiseer, omskryf en uiteengesit word.
4. Afsonderlike besigheids- en trustkasboeke, asook kliëntegrootboekrekeninge moet geopen word en moet nie gekombineer word nie. Joernalinskrywings moet behoorlik beskryf en geïdentifiseer word.
5. Skryf asseblief slegs op die regterkantse bladsye.
6. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel druip.

ATTORNEYS' EXAMINATION

PART 4 BOOKKEEPING

18 AUGUST 1999

14:30-16:30

Total: [100]

1. The questions may be answered in English or Afrikaans.
2. Candidates may use calculators.
3. In answering the questions you should ensure that the relevant entries are clearly identified, narrated detailed.
4. Separate business and trust cash books and clients' ledger accounts must be opened and are not to be combined. Journal entries must be properly identified and narrated.
5. Please write only on the right-hand pages.
6. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this part.

VRAAG 1 [70]

Op 30 Junie 1999 was u kasboeksaldo R150 000,00 en u artikel 78(2)A-saldo was R100 000,00 namens u kliënt, mev Jones. Op dieselfde datum het u besigheidskasboek 'n oortrekking van R28 000,00 getoon.

Gedurende Julie 1999 vind die volgende plaas.

- Julie 1 Mev Jones gee u opdrag om R50 000,00 van haar geld te belê in ABSA Bank-aandele op die JEB. U ontvang R5 000,00 rente op die artikel 78(2)A-belegging.
- 2 U ontvang R100 000,00 van mnr Clark met instruksies om dit in trust te hou tot verdere opdrag. U belê R75 000,00 in 'n artikel 78(2)(a)-belegging by ABSA Bank.
- 4 U verteenwoordig ABC Maatskappy in 'n hooggeregshofappêl. U kliënt, die appellant, is versoek om sekuriteit van R50 000,00 te voorsien. Die Maatskappy betaal R50 000,00 aan u om in trust te hou en wat ten voordeel van u kliënt belê moet word. U belê dit by die NBS.
- 5 U betaal R10 000,00 advokaatsfooie wat uitstaande is vir meer as 90 dae namens ABC Maatskappy vir die appêlsaak.
- 6 Mnr Clark koop 'n eiendom vir R500 000,00 en u word aangestel as transportbesorger. Die koopprys is betaalbaar as volg: R100 000,00 onmiddellik as deposito en R400 000,00 gesekureer deur 'n bankwaarborg. Mnr Clark gee u opdrag om die R100 000,00 wat hy op 2 Julie aan u betaal het, hiervoor te benut.
- Hy gee u opdrag om die R100 000,00 by Investec te belê vir sy voordeel hangende die oordrag - die rente moet afgetrek word van u fooi van R5 000,00. Hy betaal u R2 000,00 kontant vir hereregte. U ontvang R1 000,00 rente op die belegging van R75 000,00.
- 8 U ontvang opdrag van u korrespondente, Stevens & Kie, om dagvaarding uit te reik namens OK Bazaars teen XYZ Tyre Maatskappy vir R75 000,00. U reik die dagvaarding uit en debiteer u fooi van

QUESTION 1 [70]

On 30 June 1999 your trust cash book balance was R150 000,00 and your section 78(2)A balance was R100 000,00, on behalf of client Mrs Jones. On the same date your business cash book reflected an overdraft of R28 000,00

The following takes place during July 1999

- July 1 Mrs Jones instructs you to invest R50 000,00 of her monies with you in ABSA Bank shares on the JSE. You receive R5 000,00 as interest on the section 78(2)A investment.
- 2 You receive R100 000,00 from Mr Clark with instructions to hold it in trust pending further instructions. You invest R75 000,00 in a 78(2)(a) investment with ABSA Bank.
- 4 You represent ABC Company in a High Court appeal. Your client, the appellant has been requested to give security for R50 000,00. The Company pays you R50 000,00 to be held in trust and invested for the benefit of your client. You invest this with the NBS.
- 5 You pay R10 000,00 to counsel in respect of fees outstanding for more than 90 days, on behalf of ABC Company in the appeal matter.
- 6 Mr Clark purchases a property for R500 000,00. You are appointed as conveyancer. The purchase price is payable as follows: R100 000,00 deposit immediately and R400 000,00 secured by a bank guarantee. Mr Clark instructs you to utilise the R100 000,00 that he paid you on 2 July.
- He instructs you to invest the R100 000,00 with Investec for his benefit pending transfer - the interest to be set off against your fee of R5 000,00. He pays you R2 000,00 cash for transfer duty. You receive R1 000,00 as interest on the R75 000,00 investment.
- 8 You receive instructions from your correspondents, Stevens & Co, to issue summons on behalf of OK Bazaars against XYZ Tyre Company for R75 000,00. You issue summons and debit a fee of R500,00

R500,00 plus R70,00 vir inkomsteseëls. U betaal die balju R375,00 vir die betekening van die dagvaarding. U het ingestem tot 'n 20%-toelaag.

- 12 XYZ Tyre Maatskappy betaal u R40 000,00.
- 14 U verreken aan Stevens & Kie.
- 15 U betaal hereregte van R2 000,00 vir mnr Clark.
- 20 Clark se oordrag word geregistreer. U ontvang R5 020,00 aan rente. U verreken aan mnr Clark en betaal mnr Verkoper R100 000,00.
- 22 Mnr Crook betaal u R5 000,00 kontant as 'n deposito in 'n strafsak. U doen 'n borgtoegaansoek en betaal R3 000,00 borg en debiteer fooie ten bedrae van R1 500,00.
- 24 U betaal Wesbank R1 500,00 vir bruikhuur van kantoortoerusting, R2 000,00 vir u motorbruikhuur en R5 000,00 vir u persoonlike verbandafbetaling.
- 27 U skiet 'n bedrag van R5 000,00 voor aan u sekretaresse as 'n persoonlike lening teen 2% rente per maand. Sy betaal R100,00 vooruit ten opsigte van rente.
- 28 U betaal R1 000,00 aan die Prokureursorde vir u jaarlikse lidmaatskap.
- 30 Mev Jones verkoop haar aandele in ABSA Bank en u ontvang die opbrengs van R56 000,00 om in trust te hou.

Skryf die voorgaande transaksies in AL u rekeningkundige boeke in en balanseer u kasboeke soos op 31 Julie 1999.

U moet oordragte na u besigheidsrekening doen wanneer u geregtig is om dit te doen.

U kan BTW ignoreer tensy dit spesifiek in die bostaande transaksies vermeld word.

(5 punte word toegeken vir duidelik geïdentifiseerde rekeninge, netheid en uitleg.)

plus R70,00 for revenue stamps. You pay the sheriff R375,00 for the service of the summons. You agree to a 20% allowance.

- 12 XYZ Tyre Company pays you R40 000,00.
- 14 You account to Stevens and Co.
- 15 You pay transfer duty of R2 000,00 for Mr Clark.
- 20 Clark's transfer is registered. You receive R5 020,00 as interest. You account to Mr Clark and pay Mr Seller R100 000,00.
- 22 Mr Crook pays you R5 000,00 cash as a deposit in a criminal matter. You attend to a bail application and pay R3 000,00 bail and debit fees of R1 500,00.
- 24 You pay Wesbank R1 500,00 for a lease of office equipment, R2 000,00 for the lease of your motorcar and R5 000,00 for your personal bond payment.
- 27 You advance the sum of R5 000,00 to your secretary as a personal loan at interest of 2% per month. She pays R100,00 in advance in respect of interest.
- 28 You pay R1 000,00 to the Law Society for your annual subscription.
- 30 Mrs Jones sells her shares in ABSA Bank and you receive R56 000,00 as the proceeds to be held in trust.

Enter the above transactions in ALL your books of account and balance your cash books as at 31 July 1999.

You are to effect transfers to your business account when you are entitled to do so.

You may ignore VAT unless specifically mentioned in the transactions above.

(5 marks will be allocated for clearly identified accounts, neatness and layout)

VRAAG 2 [4]

In welke bankrekening sal u die volgende betalings ontvang?

- 2.1 u prokureur-en-kliëntrekening. (1)
- 2.2 u getakseerde party-en-partykostas. (1)
- 2.3 gelde ontvang in die loop van die bereddering van 'n bestorwe boedel. (1)
- 2.4 u kommissie aangaande 'n belegging ingevolge artikel 78(2)A. (1)

VRAAG 3 [12]

3.1 Die bank waar u trustgeld, verskuldig aan trustkrediteure, ingevolge artikel 78(1) gehou word, word gelikwedeer. **Watter remedieë, indien enige, het die trustkrediteure teen:**

- (a) die bank? (6)
- (b) die Getrouheidsfonds vir Prokureurs?
- (c) u, die praktisyn?

3.2 **Wat is u regte in sodanige geval?** (2)

3.3 **Welke stappe moet 'n prokureur doen as hy/sy 'n tekort in sy/haar trustrekening ontdek?** (2)

3.4 In Law Society, Cape vs Koch, 1985(4)SA 379 (EPD) is die volgende opmerking gemaak rakende 'n prokureur se verantwoordelikheid in verband met sy/haar trustrekening:

"Respondent ('n prokureur) has consistently left the matter of bookkeeping to someone else, without supervision by him. This may be a natural and often unavoidable thing to do - within limits."

Wat is hierdie "perke"? (2)

QUESTION 2 [4]

Into which banking account would you receipt payment of?

- 2.1 your attorney and client account. (1)
- 2.2 your taxed party and party costs. (1)
- 2.3 moneys received in the course of administering a deceased estate. (1)
- 2.4 you commission in respect of an investment in terms of section 78(2)A. (1)

QUESTION 3 [12]

3.1 The bank where your trust monies, due to trust creditors are held in terms of section 78(1), is liquidated. **What are the remedies, if any, of the trust creditors against:**

- (a) the bank? (6)
- (b) the Attorneys Fidelity Fund?
- (c) you, the practitioner?

3.2 **What are your rights in such a case?** (2)

3.3 **What steps must an attorney take on discovering a trust deficit in his/her trust account?** (2)

3.4 In the matter of Law Society, Cape vs Koch, 1985 (4) SA 379 (EPD), the following comment was made in regard to an attorney's responsibility in relation to his trust account:

"Respondent (an Attorney) has consistently left the matter of bookkeeping to someone else, without supervision by him. This may be a natural and often unavoidable thing to do - within limits."

What are those limits? (2)

VRAAG 4 [14]

Hoe dikwels behoort

- 4.1 'n bankrekonsiliasie gedoen te word?
- 4.2 'n lys van trustkrediteure onttrek te word?
- 4.3 trustgeld gebank te word?
- 4.4 'n rekenmeester aangestel te word om u rekeningkundige rekords na te gaan?
- 4.5 'n rekenmeestersverslag aan die Raad van die Prokureursorde voorsien te word?
- 4.6 kennis gegee te word van die bestaan van 'n trustbankrekening?
- 4.7 Vir hoe lank behoort rekeningkundige rekords bewaar te word en waar?

QUESTION 4 [14]

How often should

- 4.1 a bank reconciliation be done?
- 4.2 a list of trust creditors be extracted?
- 4.3 trust monies be banked?
- 4.4 an accountant be appointed to examine your accounting records?
- 4.5 an accountant's report be furnished to the Council of the Law Society?
- 4.6 notification be given of the existence of a trust banking account?
- 4.7 For how long should accounting records be kept and where?